



KRAP JY NOG KOP OOR TRANSTALING? HIER IS 'N PAAR WENKE!

**Etiketteer voorwerpe
in die klaskamer in
die verskillende tale.**



VOORDEEL:
Leerders kan die
geskrewe vorm van
die woord sien en op
die manier maak hul
konneksies tussen hul
moedertaal en die taal
wat hulle aanleer.

**Gee leerders kans om
hul kennis te deel.**



VOORBEELD:
Laat leerders van
verskillende tale saam-
werk om al die vrugte en
groente te benoem. Op
dié manier beklemtoon jy
albei se moedertale in 'n
positiewe lig en dit laat
kinders ook nuwe
woordeskat leer.

**Sorg dat daar genoeg
ouderdomsgerigte
boeke en multimedia-
hulpbronne in die tale
van die leerders
beskikbaar is.**



VOORDEEL:
Leerders kry so kans om
hul moedertaal uit te brei
en 'n tweede taal aan
te leer. Waar moontlik,
gebruik tweetalige boeke
wat die tale langs
mekaar wys.

**Wanneer leerders in
groepe ingedeel word
om 'n taak te verrig, is
dit raadsaam om
diegene met dieselfde
moedertaal saam te
laat werk.**



VOORDEEL:
Leerders kry
geleentheid om die
werk in hul moedertaal
te bespreek om hulle in
staat te stel om later die
werk in die dominante
skooltaal te bespreek.

**Leer sleutelwoorde
in jou leerders se
moedertale.**



VOORBEELD:
Leer kinders
oor hul taal, kultuur
en begrip van die
wêreld om sodoende 'n
transtalige omgewing
te skep.